VLUM GRONDWET



WAUM CONSTITUTION

GRONDWET VAN DIE VROUE LANDBOU-UNIE MPUMALANGA

SOOS GOEDGEKEUR DEUR DIE KONGRES VAN DIE ORGANISASIE, OP 5, 6 EN 7 SEPTEMBER 2001

AFDELING A
SENTRALE ORGANISASIE

1.NAAM

Die organisasie staan bekend as die VROUE LANDBOU-UNIE MPUMALANGA, VLU MPUMALANGA (Hierna genoem die Organisasie.)

2.DOELSTELLINGS

Die Organisasie voorsien in die verruiming van die opvoeding van vroue en onderrig en opleiding word verskaf in alle vertakkinge van die Landbou en Tuinbou, Kunste en Handvlyt, Openbare Sake, Opvoeding en Kultuur, Gesondheid en Naaldwerk en Tuisteskepping - sodat die lede 'n bydrae kan lewer tot, en 'n daadwerklike aandeel kan hê, in die ontwikkeling van ons land. Ter verwesenliking hiervan is die Organisasie bevoeg om:

2.1 waar moontlik, takke in Mpumalanga te stig;
2.2 samewerking onder vroue en vroue-organisasies te bewerkstellig;
2.3 op te tree tot voordeel van die vrou, kind en gesin;
2.4 die verkryging en instandhouding van toereikende ontwikkelings-geleenthede te bevorder;
2.5 fondse in te samel, toekennings en skenkings te maak, ledegeld te hef, lenings aan te gaan en erflatings en ander voordele te ontvang;
2.6 eiendom, roerend of onroerend te bekom, te huur en te verhuur, beswaar en vervreem;
2.7 geld op verbande of andersins te leen of uit te leen en beleggings van enige aard te maak;
2.8 enigiets te doen wat bevorderlik vir die doelstellings van die Organisasie is.

Geen deel van die Organisasie se fondse mag aan lede uitgekeer word nie. Die Organisasie beoog nie wins nie. Indien wins gemaak word, word dit ter bevordering van die doelstellings van die Organisasie aangewend. Geen lid mag die Organisasie as propagandamiddel vir enige politieke en/of kerklike organisasie of persoonlike of finansiële gewin, gebruik nie.

3.ALGEMEEN

3.1 Hoofkantoor: Die hoofkantoor van die Organisasie is in Middelburg.
3.2 Regsbevoegdheid: Hierdie Organisasie is onafhanklik van sy lede met regsbevoegdheid beklee.
3.3 Bates: Die Organisasie se bates vestig in die Organisasie self.
3.4 Taal: Alhoewel Suid-Afrika 11 amptelike landstale het, sal die amptelike voertale van die Organisasie Afrikaans en Engels wees. Indien die

Afrikaanse en Engelse weergawe van die grondwet verskil, is die Afrikaanse teks deurslaggewend.

3.5 Affiliasie: Die Organisasie kan met enige organisasie affilieer, indien die uitvoerende bestuur van mening is dat dit die doelstellings van die Organisasie sal bevorder. Dieselfde geld ook vir takke en streke.

3.6 Amptelike Mondstuk:

3.6.1 Die Organisasie beskik oor 'n amptelike mondstuk in die vorm van 'n nuusblad.

3.6.2 Elke lid is ipso facto 'n intekenaar.

4.LIDMAATSKAP

Lidmaatskap is oop vir vroue bo 16 (sestien) jaar, in die provinsie van Mpumalanga, wat hulle aan die bepalings van die grondwet en die Organisasie onderwerp.

5.SAMESTELLING

Die Organisasie bestaan uit:

5.1 alle lede soos volgens die grondwet in takke en streke ingedeel;

5.2 'n uitvoerende bestuur, saamgestel soos later uiteengesit.

6.ADMINISTRASIE

Die administrasie van die Organisasie se werksaamhede berus by die uitvoerende bestuur deur sanksie van 'n jaarkongres.

7.JAARKONGRES

7.1 'n Kongres word jaarliks gehou. Die datum en plek word deur die uitvoerende bestuur bepaal.

7.2 Die jaarkongres bestaan uit:

7.2.1 die lede van die uitvoerende bestuur met stemreg;

7.2.2 een of twee afgevaardigdes wat uit lede van elke tak gekies word, met twee stemme per tak;

7.2.3 lede, beamptes en gaste sonder stembevoegdheid, wat met verlof van die presidente aan besprekings mag deelneem.

7.3 'n Kworum bestaan uit afgevaardigdes van een-derde van die aantal takke van die Organisasie. Dit geld ook vir buitengewone kongresse.

7.4 Elke tak word minstens drie maande voor die jaarkongres van die datum en plek daarvan verwittig.

7.5 Die sakelys moet alle takke minstens vier weke voor kongres bereik.

7.6 Die uitvoerende bestuur lê by elke kongres 'n verslag van die jaar se werksaamhede, geouditeerde finansiële state en 'n begroting vir die komende jaar voor.

7.7 Elke tak stuur minstens dertig dae voor kongres die name van afgevaardigdes en plaasvervangers, asook die tak se registrasiegelde en geloofsbriewe aan die hoofkantoor van die Organisasie.

7.8 Buitengewone kongresse:

Indien die uitvoerende bestuur dit wenslik ag, kan 'n buitengewone kongres deur die presidente belê word. Takke moet minstens dertig dae voordat so 'n kongres gehou word, skriftelik in kennis gestel word van die datum, plek, tyd en doel van sodanig buitengewone kongres. Die prosedure wat vir die jaarkongres geld, is van toepassing op buitengewone kongresse.

8.UITVOERENDE BESTUUR

8.1 Samestelling:

Die uitvoerende bestuur bestaan uit:

8.1.1 'n Presidente wat twee-jaarliks deur die kongresafgevaardigdes op die voorgeskrewe wyse verkies word, met dien verstande dat haar ampstermyn nie langer as ses jaar mag duur nie. Indien 'n presidente 'n streekvoorsitster is by verkiesing, word sy van haar amp as streekvoorsitster onthef. Sy is ex-officio lid van alle komitees. Die presidente het 'n gewone stem en beskik verder ook oor 'n beslissende stem.

8.1.2 'n Vise-presidente wat twee-jaarliks deur die kongresafgevaardigdes op die voorgeskrewe wyse verkies word, met dien verstande dat haar ampstermyn nie langer as oor vier jaar mag strek nie.

8.1.3 Streekvoorsitsters wat twee-jaarliks deur die konferensieafgevaardigdes op die voorgeskrewe wyse verkies word, met dien verstande dat haar ampstermyn nie langer as oor ses jaar mag strek nie.

8.1.4 'n Uitgetrede presidente wat, op uitnodiging van die uitvoerende bestuur vir een jaar na haar uittrede, sonder stembevoegdheid, mag dien.

8.2 Kworum:

8.2.1 'n Kworum van die uitvoerende bestuur bestaan uit twee-derdes van die totale aantal dienende lede van die uitvoerende bestuur.

8.2.2 'n Kworum vir alle komitees is helfte van die lede plus een.

8.3 Komitees:

Die volgende vaste komitees sal, indien nodig, funksioneer: finansiële komitee, redaksionele komitee, beoordelingskomitee en skakelkomitee. Vaste komitees word benoem soos beskryf in 8.5.5

8.4 Sameroepsters:

8.4.1 'n Beoordelingsameroepster word jaarliks deur die uitvoerende bestuur benoem tydens die eerste vergadering van die uitvoerende bestuur na kongres. Hierdie sameroepster moet 'n gekwalifiseerde beoordelares wees.

8.4.2 Sameroepsters kan jaarliks deur die uitvoerende bestuur gekoöpteer word met die oog op organisasie en koördinasie van die studierigtings van die Organisasie.

8.5 Bevoegdhede en verantwoordelikhede

8.5.1 Die uitvoerende bestuur is aan die kongres verantwoordelik vir die bestuur van die Organisasie, vir die administrasie van die fondse van die Organisasie en vir die toepassing van die beleid en uitvoering van opdragte waaroor op die jaarkongres besluit word.

8.5.2 Kontrakte word namens die Organisasie deur enige twee van die presidente, vise-presidente en sekretaresse in amp onderteken.

8.5.3 Die uitvoerende bestuur stel amptenare aan, hetsy vrywillig, besoldigd, of albei, met dien verstande dat hulle vergaderings van die uitvoerende bestuur, sonder stembevoegdheid en slegs op uitnodiging, bywoon.

8.5.4 Die uitvoerende bestuur lê riglyne vir takke en streke neer.

8.5.5 Die uitvoerende bestuur beskik oor die bevoegdheid om vaste- en ad hoc-komitees aan te stel en magtiging aan vaste- en ad hoc komitees te verleen soos raadsaam geag word. Lede van die vaste- en ad hoc-komitees word deur die uitvoerende bestuur verkies, maar hoef nie noodwendig lede van die uitvoerende bestuur te wees nie.

8.5.6 Die uitvoerende bestuur beskik oor die bevoegdheid om uitspraak te lewer in alle geskille wat in die Organisasie mag ontstaan.

8.5.7 Wanneer die presidente of een helfte van die uitvoerende bestuur so gelas, kan gewone of buitengewone vergaderings van die uitvoerende bestuur te enige tyd belê word. Kennisgewing van sulke vergaderings moet deur die sekretaresse geskied, minstens sewe dae voordat die vergadering gehou word, met vermelding van die doel.

8.5.8 'n Vise-voorsitster van 'n streek woon, in die afwesigheid van haar streekvoorsitster, vergaderings van die uitvoerende bestuur – met stembevoegdheid - by.

9. STEMPROSEDURES

Stemprosedures geld vir alle verkiesings van ampsdraers en addisionele lede op alle vlakke van die Organisasie.

9.1 Nominasies vir enige ampsdraers en addisionele lede moet skriftelik geskied en volledig onderteken wees deur die voorsteller en sekondant, wat albei stemreg moet hê.

9.2 Die skriftelike toestemming van kandidate moet ook op nominasies verskyn.

9.3 Niemand mag as ampsdraer in haar afwesigheid verkies word nie, tensy skriftelike toestemming vooraf van haar verkry is en hierdie toestemming tydens die verkiesing voorgelees is.

9.4 Alle verkiesings van ampsdraers en addisionele lede moet per stembrief geskied.

9.5 Die stemprosedure is by wyse van eliminasie van kandidate en die verkose persoon moet met 'n volstrekte meerderheid verkies word.

9.6 Nominasie en verkiesing van presidente en vise-presidente:

9.6.1 Die presidente en vise-presidente word verkieslik in rotasie verkies.

9.6.2 'n Lid mag nominasie vir presidente aanvaar mits sy twee jaar lank agtereenvolgend op die uitvoerende bestuur gedien het.

9.6.3 'n Lid mag nominasie vir vise-presidente aanvaar mits sy 'n dienende lid van die uitvoerende bestuur is.

9.7 VAKATURES

9.7.1 Uitvoerende bestuur:
Indien die amp van die presidente of vise-presidente vakant sou raak, word die vakature deur die uitvoerende bestuur aangevul deur 'n UB-lid te verkies om die amp te beklee tot die eersvolgende kongres. Op die kongres word die vakature deur verkiesing op die voorgeskrewe wyse gevul.

9.7.2 Kongres:
Vakature wat tydens die kongres ontstaan, word op die kongres deur verkiesing op die voorgeskrewe wyse gevul.

9.7.3 Streek:
Indien die streekvoorsitster of enige ampsdraer van die streek haar amp ontruim, vul die streekbestuur die vakature deur 'n lid van die streekbestuur te benoem om die amp tot die eersvolgende streekkonferensie te beklee. Op die streekkonferensie word die vakature deur verkiesing op die voorgeskrewe wyse gevul.

9.7.4 Takke:
Indien 'n takvoorsitster of enige ampsdraer van die tak haar amp ontruim, vul die takbestuur die vakature deur 'n lid van die takbestuur te benoem om die amp tot die eersvolgende jaarvergadering te beklee. Op die jaarvergadering word die vakature deur verkiesing op die voorgeskrewe wyse gevul.

9.8 Streek- en takbesture mag lede van die Organisasie tot die onderskeie besture koöpteer.

10. GELDSAKE

10.1 Die boekjaar van die Organisasie begin op die eerste dag van Januarie en eindig op die een-en-dertigste dag van Desember elke jaar.

10.2 Die ge-ouditeerde finansiële state van die Organisasie word aan die kongres voorgelê. Die ouditeure en hulle fooie word jaarliks deur die uitvoerende bestuur aangestel en goedgekeur.

10.3 Die uitvoerende bestuur open 'n bankrekening of tref ander bevredigende reëlings vir die belegging van alle gelde wat ontvang word.

10.4 Affiliasiegeld sluit die intekengeld op die amptelike mondstuk in. 'n Wysiging, indien omstandighede dit vereis, word deur die kongres gemagtig.

10.5 Ten einde te kwalifiseer vir vrystelling van Inkomstebelasting sal:

10.5.1 Die Unie geen profyte of winste aan enige persoon uitkeer nie, sal die fondse uitsluitlik vir belegging of die oogmerke waarvoor die Organisasie ingestel is, gebruik word.

10.5.2 Die bedrywighede van die Unie geheel en al daarop gemik wees om haar vernaamste of enigste oogmerk te bevorder.

10.5.3 Fondse beskikbaar vir belegging slegs belê word by geregistreerde finansiële instellings, soos omskryf in Artikel 1 van die Wet op Finansiële Instellings (Belegging van Fondse 1984), en aandele wat op 'n gelisensieerde effektebeurs soos in die Wet op Beheer van Effektebeurse 1985, (Wet no. 1 1985) omskryf, genoteer is.

10.5.4 Die Unie geen besigheid bedryf nie en sal dit nie in gewone handelsaktiwiteite of spekulatiewe transaksies betrokke raak nie of eiendomme aankoop met die bedoeling om huurinkomste daarvan te verkry nie. (Die Organisasie sal wel goedere aan lede verkoop op voorwaarde egter dat dit nie die Organisasie se hoofdoelstelling word nie en slegs op klein skaal vir fondsinsameling sal geskied.)

11 SKORSING

Die lidmaatskap van enige lid kan tydelik opgehef of permanent beëindig word met of sonder opgaaf van redes deur 'n besluit van die uitvoerende bestuur, geneem deur driekwart van die aanwesige lede op 'n behoorlik saamgestelde vergadering van die uitvoerende bestuur. So 'n besluit mag vir enige rede in die uitsluitlike diskresie van die uitvoerende bestuur geneem word (met of sonder aanbeveling van 'n streek of tak) en die uitvoerende bestuur se beslissing is finaal.

AFDELING B
STREKE

1.SAMESTELLING

1.1 Die provinsie van Mpumalanga word deur die uitvoerende bestuur in streke verdeel.

1.2 Takke ressorteer onder die streekbestuur aan wie hulle toegewys word en kan nie by 'n ander streek van die Organisasie affilieer sonder die toestemming van die uitvoerende bestuur nie.

2.KONFERENSIES EN VERGADERINGS

2.1 Elke streek hou jaarliks gedurende Maart streekkonferensie.

2.2 Minstens drie formele streekvergaderings moet jaarliks gehou word.

2.3 Slegs twee afgevaardigde lede van 'n tak is geregtig om op 'n streekvergadering of streekkonferensie te nomineer en te stem. Die vise voorsitsters en die sekretaresse en/of tesouriere van 'n streek het slegs stemreg as hulle deur hul takke afgevaardig is. Die streekvoorsitster beskik oor slegs 'n beslissende stem.

2.4 Verteenwoordigers van die helfte van die takke plus een tak in die streek, vorm 'n kworum vir alle streekvergaderings en -konferensies.

2.5 Wanneer die streekvoorsitster en/of een-derde van die streekbestuur so gelas, kan gewone of buitengewone vergaderings van die streek te enige tyd belê word. Kennis van so 'n vergadering moet minstens sewe dae voor die datum daarvan skriftelik gegee word, met vermelding van die doel.

3.AMPSDRAERS

3.1 'n Streekvoorsitster en vise-voorsitsters, na behoefte, word op die streekkonferensie gekies - die streekvoorsitster twee-jaarliks (met 'n maksimum van 6 (ses) jaar en die vise-voorsitsters volgens die streek se huishoudelike reëls.

3.2 'n Lid mag haar as streekvoorsitster verkiesbaar stel as sy gedurende die vorige drie jaar, een jaar lank op die streekbestuur gedien het.

3.3 Die gekose voorsitster aanvaar onmiddellik na haar verkiesing verantwoordelikheid in haar streek.

3.4 'n Streeksekretaresse en/of streektesouriere mag deur die streekvoorsitster benoem word, of op die streekkonferensie verkies word. Indien die streekbestuur dit sou verkies, kan die streeksekretaresse ook as die tesouriere van die streek dien.

3.5 'n Streekvoorsitster word deur 'n streekbestuur, bestaande uit die voorsitsters van takke uit die betrokke streek, of soos deur die huishoudelike reëls van die streek bepaal, bygestaan.

3.6 Die streekvoorsitster is ipso-facto 'n lid van elke tak in haar streek, maar betaal slegs aan een tak ledegeld.

3.7 'n Streekvoorsitster moet verkieslik nie 'n takvoorsitster ook wees nie.

3.8 Na haar dienstermyn ontvang 'n streekvoorsitster 'n diensteken wat deur haar streek aangekoop word.

4.FINANSIES

4.1 Streekfooie, soos deur die streek bepaal, word jaarliks deur die takke aan die streek betaal.

4.2 Die boekjaar van die streek begin op die eerste dag van Januarie en eindig op die een-en-dertigste dag van Desember elke jaar.

4.3 Die jaarlikse finansiële staat word, behoorlik geouditeer, by die konferensie van die streek vir goedkeuring voorgelê. Die ouditeure word jaarliks tydens konferensie aangestel.

5.VERSLAE

5.1 Die streekvoorsitster lê op die konferensie 'n jaarverslag van die streek se werksaamhede, insluitend statistiek, voor en 'n afskrif word voor die einde van Maart aan die president van die Organisasie gestuur.

5.2 Sameroepsters vir studierigtings word soos benodig deur die streekbestuur verkies.

6.HUISHOUDELIKE REëLS

6.1 Elke streek het die bevoegdheid om reglemente /huishoudelike reëls op te stel. Geen reëls mag egter teenstrydig met hierdie grondwet wees nie.

6.2 Die voorgestelde reëls word aan die uitvoerende bestuur van die Organisasie vir goedkeuring voorgelê.

7.SKORSING OF UITSETTING VAN 'N LID

Die streekbestuur kan, met vermelding van redes (met of sonder aanbeveling van 'n tak) by die uitvoerende bestuur van die Organisasie aanbeveel dat die

lidmaatskap van 'n lid tydelik opgeskort of permanent beëindig word, sonder opgaaf van rede aan die lid.

AFDELING C
TAKKE

1.SAMESTELLING
1.1 Elke tak het 'n naam wat deur die uitvoerende bestuur goedgekeur is.
1.2 Elke tak ressorteer onder 'n streek soos deur die uitvoerende bestuur bepaal.
1.3 'n Tak bestaan uit minstens 6 (ses) lede.

2.DOELSTELLINGS
Die oogmerke van die tak is: Om die doelstellings van die Organisasie op 'n plaaslike vlak te bevorder.

3.LIDMAATSKAP
3.1 'n Nuwe lid word by 'n vergadering behoorlik voorgestel, gesekondeer en aanvaar. 'n Grondwet van die Organisasie en die tak se huishoudelike reëls word aan haar oorhandig.
3.2 'n Lid mag slegs eenkeer om verlof aansoek doen, welke verlof maksimum een jaar mag duur. 'n Lid betaal ledegeld tydens verlof.
3.3 Lidmaatskap verval indien 'n lid een jaar lank met haar ledegeld agterstallig is.

4.RESES EN ONTBINDING
4.1 'n Streekvoorsitster kan namens 'n tak aansoek doen dat die betrokke tak vir een jaar lank in reses gaan, as daar 'n moontlikheid bestaan dat die tak later weer normaalweg sal funksioneer. Alle boeke van sodanige tak word gedurende hierdie tydperk deur die streekvoorsitster in bewaring geneem. Ledegeld word tydens reses gehef.
4.2 'n Tak kan alleenlik ontbind indien die betrokke streekvoorsitster in kennis gestel is. Die streekvoorsitster neem gedurende die daaropvolgende vergadering die voorsitsterstoel in. Lede wat teenwoordig is, stem per geslote stembriefie en indien ses stemme ten gunste van die voortbestaan van die tak uitgebring word en 'n bestuur saamgestel kan word, ontbind die tak nie. Indien die tak wel ontbind, word alle notuleboeke en fondse wat op daardie datum voorhande is, deur die streekvoorsitster aan die hoofkantoor van die Organisasie gestuur. Die gelde word in die Voorsorgfonds van die Organisasie inbetaal.

5.LEDEGELD
5.1 Elke tak bepaal self sy ledegeld.
5.2 Lede wat gedurende die tweede helfte van die jaar, naamlik 1 Julie aansluit, betaal net die helfte van die ledegeld.
5.3 Ledegeld is voor 30 April aan takke betaalbaar.

5.4 Die finansiële jaar van die takke strek vanaf die eerste dag van Januarie tot die een- en- dertigste dag van Desember.

6.AFFILIASIE
6.1 Elke tak is outomaties geaffilieer met die Organisasie, die streek, die Suid Afrikaanse Vroue Landbou-Unie (SAVLU) en die Wêreldbond van Plattelandse Vroue (WBPV) en die volgende verpligte gelde word deur takke betaal:
6.1.1 Aan die hoofkantoor van die Organisasie 'n bedrag soos wat jaarliks deur kongres bepaal word. Hierdie geld word voor 31 Mei jaarliks betaal.
6.1.2 Aan die streek 'n bedrag soos van tyd tot tyd deur die streekbestuur bepaal.
6.1.3 Aan SAVLU die bedrag ledegeld soos deur SAVLU vasgestel plus die totale bedrag ingesamel vir "Silwer vir SA".
6.1.4 Aan die WBPV die totale bedrag ingesamel as vrywillige bydrae vir "Munte vir Vriendskap".

7.VERSLAE
7.1 Die voorsitster van 'n tak lê op die algemene jaarvergadering in Januarie 'n jaarverslag van die tak se werksaamhede volgens die voorgeskrewe studierigtings voor.
7.2 Die jaarlikse finansiële staat word, behoorlik geouditeer, by die algemene jaarvergadering van die tak vir goedkeuring voorgelê.
7.3 Afgevaardigdes na konferensie en kongres doen volledig skriftelik verslag, lees dit voor en dien dit by hul takke in.

8.AMPSDRAERS EN BESTUUR
8.1 Niemand word as 'n ampsdraer genomineer tensy sy minstens ses maande lank lid van die Organisasie was nie, behalwe in die geval van 'n nuutgestigde tak.
8.2 Alleen lede wie se ledegeld ten volle betaal is, is verkiesbaar en stemgeregtig.
8.3 'n Tak se ampsdraers bestaan uit die voorsitster, vise-voorsitster/s, 'n sekretaresse en/of tesouriere en 'n skakelbeampte. 'n Tak besluit self op die grootte van die bestuur. Die sekretaresse en tesouriere word of deur die tak of deur die bestuur gekies.

9.VERGADERINGS
9.1 Ten minste nege vergaderings van 'n opvoedkundige aard word jaarliks gehou. Sodanige vergaderings word op 'n bepaalde dag van elke maand gehou en lede word deur die sekretaresse skriftelik daarvan in kennis gestel, minstens sewe dae voordat die vergadering plaasvind, of soos dit deur die tak se huishoudelike reëls bepaal word. Indien die datum verander moet word, besluit die voorsitster en sekretaresse oor 'n

alternatiewe datum. 'n Kworum is een-derde plus een van die aantal lede van 'n tak.

9.2 Die algemene jaarvergadering word elke jaar in Januarie gehou. Elke lid word minstens tien dae voor die datum, deur die sekretaresse skriftelik daarvan in kennis gestel, met vermelding van die datum, plek en tyd.

9.3 Die algemene jaarvergadering word hoofsaaklik gewy aan verkiesing van ampsdraers, jaarverslae en organisasie.

9.4 'n Buitengewone algemene vergadering kan deur die sekretaresse belê word indien die bestuur so gelas of indien minstens 'n kwart van die lede dit versoek. Elke lid word minstens tien dae vantevore deur die sekretaresse skriftelik daarvan in kennis gestel, met vermelding van die doel waarvoor die vergadering belê is, die datum, plek en aanvangstyd. Een-derde plus een van die die taklede vorm 'n kworum vir buitengewone algemene vergaderings.

9.5 'n Minimum van drie bestuursvergaderings moet jaarliks gehou word. 'n Kworum bestaan uit een-derde plus een van die aantal bestuurslede.

10. ERKENNING VAN LIDMAATSKAP

10.1 Lede van die Organisasie ontvang erkenning vir getroue lidmaatskap na elke tien jaar. Binne SAVLU-verband word lidmaatskap ook erken.

10.1.1 Vyf-, Tien- , twintig-, en dertig-jaar lidmaatskapkentekens word deur die tak of takke waaraan die lid behoort, volgens onderlinge ooreenkoms aangekoop. Skriftelike aansoek hiervoor, wat duidelik spesifiseer wanneer en waar die lid aangesluit het, tye van onderbroke lidmaatskap (indien enige) asook die name van die takke waaraan sy behoort het, word deur die voorsitster van die tak aan die betrokke streekvoorsitster gestuur. Nadat die streekvoorsitster skriftelik goedkeuring verleen het, word die kenteken vanaf die Organisasie se hoofkantoor bestel.

10.1.2 Lidmaatskapkentekens vir veertig en meer jaar lidmaatskap, word deur die tak of streek of lid self, soos onderling ooreengekom, aangekoop. Aansoeke word net soos in 10.1.1 hanteer.

11. VERTEENWOORDIGING BY JAARKONGRES

Dit word verwag van elke tak om een of twee lede na die jaarkongres af te vaardig. Sodanige afgevaardigdes word by 'n takvergadering verkies. Reis- en verblyfkoste in verband met die bywoning van die kongres en kongresregistrasiegeld, word deur die tak betaal. Afgevaardigdes woon die kongres voltyds by en tree op in opdrag van hul takke. Slegs afgevaardigdes mag mosies indien.

12. HUISHOUDELIKE REëLS

'n Tak kan huishoudelike reëls opstel wat by 'n algemene jaarvergadering, of by 'n buitengewone vergadering van die tak wat spesiaal vir die doel belê is, bekragtig word. Die voorgestelde huishoudelike reëls word saam met die kennisgewing van die vergadering aan elke lid van die tak gestuur. Sodanige huishoudelike reëls is slegs geldig indien dit nie strydig met die grondwet van die Organisasie is nie en mits dit aangeneem word deur 'n twee-derde meerderheid van die lede met stembevoegdheid wat teenwoordig was en gestem het. Voordat huishoudelike reëls toegepas word, word dit aan die streekvoorsitster vir goedkeuring voorgelê.

13. SKORSING OF UITSETTING VAN 'N LID

Die bestuur van 'n tak kan, met vermelding van redes, deur middel van sy streekbestuur by die uitvoerende bestuur van die Organisasie aanbeveel dat die lidmaatskap van 'n lid tydelik opgehef of permanent beëindig word sonder opgaaf van rede aan die lid.

AFDELING D
WYSIGING VAN DIE GRONDWET

1. Die grondwet word slegs op 'n jaarkongres, of buitengewone kongres wat vir daardie doel belê is, gewysig. Minstens dertig dae kennis word aan alle takke, geaffilieerde liggame - met vermelding van die voorgestelde wysigings - gegee. Sodanige wysigings word op so 'n kongres slegs aangebring wanneer minstens twee-derdes van die stemgeregtigdes ten gunste van so 'n wysiging stem.
2. Voorstelle vir moontlike wysigings van die grondwet moet skriftelik wees en die sekretaresse van die Organisasie minstens twee maande voor die datum waarop die kongres gehou word, bereik. Die voorgestelde wysigings en die redes daarvoor word duidelik uiteengesit.
3. Hierdie grondwet vervang alle voriges maar sal onder geen omstandighede enige besluit wat wettiglik ooreenkomstig enige vorige grondwet geneem is, ongeldig maak of in enige mate daaraan afbreuk doen nie.